

SADiLaR

NUUSBRIEF: AFRIKAANS

SEPTEMBER 2023



BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEHUISVES DEUR:



NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

VENNOTE:





'N BRUG VAN GISTER NA VANDAG: DIGITISERINGSWERKSWINKEL BY MAZISI KUNENE MUSEUM

- Rooweither Mabuya

In die snelle vooruitgang van vandag se digitale era het die behoud en toeganklikheid van geskiedkundige artefakte en manuskripte uiters belangrik geraak. Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) het onlangs 'n digitiseringswerkswinkel by die Mazisi Kunene Museum in Durban georganiseer. Onder leiding van navorsers in die digitale geesteswetenskappe, Rooweither Mabuya en Andiswa Bukula, asook SADiLaR-bedryfsdirekteur Juan Steyn, was die doel van die werkswinkel om museumpersoneel en belanghebbendes deur die proses te lei om hulle kosbare manuskripte te digitiseer.

LEES OOR:

'n Brug van gister na vandag:
digitiseringswerkswinkel by
Mazisi Kunene Museum

1

SADiLaR se
taalhulpbronbewaarplek
bemagtig taalnavorsing

3

SADiLaR/UJ-eksternskap
beklemtoon
loopbaanmoontlikhede in
digitale geesteswetenskappe

5

SADiLaR-befondsde
navorsing gee stem aan
Sepedi-kindere met erge
kommunikasiegestremdhede

8

SADiLaR vier suksesvolle 4de
RAIL-werkswinkel in Kroasië

10

PhD-navorsingsreferaat plaas
SADiLaR in die wêreldwye
kollig

13

Die Mazisi Kunene Museum is 'n kulturele instelling wat daartoe verbind is om die lewe en werk van die roemryke digter en filosoof Mazisi Kunene te herdenk. Dit is die tuiste van 'n ruim versameling manuskripte en artefakte van onskatbare waarde wat 'n blik op die ryk kulturele erfenis van Suid-Afrika bied. Maar weens hulle fisiese aard het hierdie delikate materiaal die gevaar van agteruitgang en beperkte toegang geloop.

Met begrip van die dringendheid om hierdie geskiedkundige skatte vir toekomstige geslagte te bewaar, het die werkswinkel se fasiliteerders, Mabuya, Bukula en Steyn, die konsep van digitisering bekend gestel. Hulle het gewys hoe moderne tegnologie nuwe lewe in ou manuskripte kan blaas, en hulle vir 'n wêreldwye gehoor toeganklik maak.


Die fasiliteerders het die deelnemers stap vir stap deur die digitiseringsproses gelei. Hulle het die behoorlike hantering van manuskripte gedemonstreer, en die behoefte aan uiterste sorg en omsigtigheid tydens skandering beklemtoon.

Bywoners van die werkswinkel het oor lêerformate, resolusie-instellings en die bestuur van metadata geleer, wat hulle in staat stel om omvattende digitale argiewe te skep.

Deur die uitruil van gedigitiseerde materiaal met ander museums en instellings te fasiliteer, bevorder digitisering samewerking en die deel van kennis. Verder verbeter dit toegang deur navorsers, vakkundiges en entoesiaste van regoor die wêreld in staat te stel om hierdie geskiedkundige werke van 'n afstand af te bestudeer en te waardeer.

Bewaring van kulturele erfenis by wyse van moderne tegnologie

Een van die opvallendste hoogtepunte van die werkswinkel was die oorhandiging van 'n skandeertoestel, die IRIScan Desk 5 Pro, tesame met 'n tafelrekenaar. Hierdie toerusting gaan uiters instrumenteel in die digitiseringsproses wees, en gee die museum die geleentheid om hulle manuskripte in hoëgehalte- digitale formate te omskep.



Die skandeerder se gevorderde funksies, soos outomatiese omblaai-bespeuring en beeldverbetering, sal verseker dat die integriteit van die oorspronklike manuskripte bewaar word, terwyl alle besonderhede met noukeurigheid vasgevang word.

Die Mazisi Kunene Museum se toewyding tot digitisering dui op 'n belowende toekoms vir die bewaring en toeganklikheid van die kulturele nalatenskap. Deelnemers aan die werkswinkel is aangespoor om ná die geleentheid met die digitisering voort te gaan, en sodoende 'n volhoubare en omvattende digitale argief te verseker. Die museum beplan om by vennootskappe en medewerkings betrokke te raak om hulle digitale teenwoordigheid uit te brei en nuwe, vindingryke maniere te verken om gehore by die gedigitiseerde versameling te betrek.

Die digitiseringswerkswinkel by die Mazisi Kunene Museum het as mylpaal gedien in die reis na die bewaring en bevordering van kulturele erfenis deur middel van moderne tegnologie. Met die leiding van deskundiges en die voorsiening van gevorderde toerusting, is die museum personeel en belanghebbendes goed toegerus om 'n herskeppende digitiseringsreis aan te pak.



Klik hier om ons te kontak:





SADILAR SE TAALHULPBRONBEWAARPLEK BEMAGTIG TAALNAVORSING

- Birgit Ottermann

Die versameling, verspreiding en instandhouding van herbruikbare digitale teks- en spraakhulpbronne vir Suid-Afrika se amptelike tale is van die uiterste belang vir navorsing en ontwikkeling in die veld van taaltegnologie. Die data is nie net belangrik vir die ontwikkeling van nutsmiddels om kommunikasie tussen verskillende taalgroepe te fasiliteer nie, maar ook om plaaslike tale te bemagtig om in moderne kommunikasiestelsels gebruik te word. Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) het by wyse van hulle taalhulpbronbewaarplek hierdie kritieke rol van bewaker op hulle geneem. Tot op hede bevat dit honderde items in verskeie tale wat deur middel van 'n vrytoegangsplatform vir die publiek beskikbaar is.

"SADiLaR se taalhulpbronbewaarplek het meer as 400 rekords van items in verskeie tale, selfs 'n paar tale van buite Suid-Afrika," sê dr. Friedel Wolff, SADiLaR se tegniese bestuurder. "Van hierdie items beskryf self 'n hulpbron wat self veeltalig is, of byvoorbeeld sagteware wat verskeie tale ondersteun. Nie elke hulpbron in jou taal sal jou belangstelling prikkel nie, maar dit is dalk net wat een of ander navorser of sagteware-ingenieur benodig om iets opwindends in jou taal te bou."

Verleen permanensie aan hulpbronne

Die verskillende soorte beskikbare hulpbronne wissel van elektroniese teks- en spraakdata (soos domeinspesifieke teksversamelings, woordelyste, woordeboeke, vertaalgeheues en belynde veeltalige korpora) tot multimodale hulpbronne en nutsmiddels, toepassings en platforms wat die verwerking van data en die ontwikkeling van nuwe tegnologieë moontlik maak.

Volgens Wolff is die navorsingsdata wat in SADiLaR se bewaarplek gestoor word van onskatbare waarde vir navorsers. "Baie van die navorsingsdata wat in die bewaarplek geberg word, was duur en tydrowend om te skep. Sommige daarvan het deskundige kennis of rekenaarkapasiteit geverg waartoe min van ons toegang het," merk hy op. "Die bewaarplek stel juis dit beskikbaar vir enigeen wat daarin belangstel, en die idee met bewaarplekke soos hierdie is dat die bewaarplek enige spesifieke navorsingsonderwerp, navorsersbelang of bedryfsgier moet oorleef - met ander woorde, dit probeer om 'n mate van permanensie aan hierdie hulpbronne te verleen. Verlening van hierdie permanensie is moontlik te moeilik en langdradig vir baie van die skeppers, en nie altyd maklik om in hulle werksplek te regverdig nie. Dit verskaf 'n gesentraliseerde toegangspunt, sonder om die mense wat die werk gedoen het om dit te skep enige van die krediet te probeer ontnem,"

Kontak ons:





Sentrale toegangspunt

Dr Benito Trollip, navorser in digitale geesteswetenskappe by SADiLaR en entoesiastiese gebruiker van en bydraer tot die bewaarplek, beaam bostaande opmerkings. "In beginsel verskaf die SADiLaR-taalhulpbronbewaarplek 'n permanente platform vir die benutting van taalkundige data aan die breër gemeenskap – wat nie slegs navorsers insluit nie. Net een nuuskierige persoon is nodig om te sien wat daar buite vir minder bekende tale is, en 'n nuttige tegnologie te begin ontwikkel," sê Trollip.

Wat betref die bewaarplek as sentrale toegangspunt, beklemtoon Trollip hoe moeilik dit kan wees om die bestaande taalkundige databron te gebruik indien dit, of inligting daaroor, van 'n sensitiewe aard is en nie beskikbaar gestel word nie.

"Dit het dikwels baie tyd en harde werk geveerg om daardie data te genereer en te versamel. Na my beskeie mening moet ons wegbeweeg van die ingesteldheid om data alleenlik vir ons eie gewin of professionele en finansiële voordeel te besit, ontwikkel en gebruik, en ons beywer vir 'n ingesteldheid om data te deel ten einde die groter gemeenskap te bevoordeel en te bemagtig," sê hy.

Integrale nutsmiddel

Dr Laurette Marais, bestuurder van SADiLaR se spraaknodus by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), en haar span het as sowel bydraers én gebruikers die voordele van SADiLaR se bewaarplek ervaar. Hulle het hul waardevolle hulpbronne met ander gedeel wat die ontwikkeling van

kommersiële produkte bemoontlik het, en by wyse van toegang tot hulpbronne wat hulle nie self geskep het nie, het hulle ook daarby gebaat.

"Vir die WNNR se navorsingsgroep vir stemtegnologie, ook bekend as die Spraaknodus van SADiLaR, het die hulpbronbewaarplek 'n integrale nutsmiddel in die beplanning en uitvoer van ons navorsingsagenda geraak – as betroubare plek om die data te deel wat ons versamel en produseer, én as ons eerste aangaanplek wanneer ons taalhulpbronne vir ons projekte benodig. 'n Belangrike bydrae van ons aan die bewaarplek was hoëgehaltespraakdata van ons Lwazi 3-projek, wat ons ook gebruik het om ons kommersiële suite teks-na-spraak-stemme – genaamd Qfrensy – te ontwikkel," sê Marais.

"In die verlede het ons – en ons doen dit steeds – spraakdata bygedra wat daarop gemik is om outomatiese spraakherkenningstelsels op te lei. Verder dien die bewaarplek as noodsaaklike hulpbron wanneer ons teksdata in enige van die Suid-Afrikaanse tale benodig. Ek glo dat enige student of navorser in taaltegnologie in Suid-Afrika vertrouwd moet wees met die bewaarplek en wat dit bied, veral gegewe die hulpbronskaarsheid van ons tale."

'n Kort geskiedenis

Interessant genoeg, is die bewaarplek eintlik ouer as SADiLaR. Dit is in 2012, met befondsing van die Departement van Kuns en Kultuur se

Kontak ons:





Nasionale Sentrum vir Mensetaaltegnologie, deur die Noordwes-Universiteit se Sentrum vir Tekstegnologie as die Resource Management Agency (RMA) van stapel gestuur. Toe SADiLaR (ná 'n inkubasie-ontwikkelingsfase sedert 2016) in 2019 met ondersteuning van die Departement Wetenskap en Innovasie geloods is, is die RMA in SADiLaR se taalhelpbronnobewaarplek geïnkorporeer. Daarna het SADiLaR volle verantwoordelikheid vir die versameling en instandhouding van die bewaarplek oorgeneem.

Dien 'n hulpbron in

Indien u 'n taalhelpbron ontwikkel het en dit bruikbaar en/of vindbaar vir ander wil stel, is SADiLaR se bewaarplek 'n uitstekende opsie. Dit is 'n veilige omgewing met die korrekte lisensiëringsprosedures vir enigeen met navorsingsdata in die veld van tale, geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe. Besoek gerus die [SADiLaR-hulpbronniglyne](#)-bladsy vir verdere inligting oor hoe om 'n hulpbron in te dien.




SADILAR/UJ-EKSTERNISKAP BEKLEMT OON LOOPBAANMOONTLIKHEDE IN DIGITALE GEESTESWETENSKAPPE

- Birgit Ottermann

'n Groep taalkunde- en taalpraktykstudente van die Universiteit van Johannesburg (UJ) het onlangs saam met personeel van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhelpbronne (SADiLaR) 'n aanlyn werkswinkel bygewoon om meer oor loopbaanmoontlikhede in die digitale geesteswetenskappe te wete te kom. Hierdie eendag-eksternskap, wat op 14 Junie 2023 by wyse van Zoom plaasgevind het, het aan die studente 'n ander perspektief gebied oor die verskillende tipes loopbane wat hulle kan volg sodra hulle gekwalifiseer het.

Kontak ons:





"Ons hoofdoel was om studente van 'n korttermyn- professionele leerervaring in digitale geesteswetenskappe en taalontwikkeling te voorsien," sê dr. Benito Trollip, navorser in digitale wetenskappe vir Afrikaans by SADiLaR en hooforganiseerder van die eksternskap. "Dit het ons gedoen deur die studente aan SADiLaR en hulle verskillende navorsingsnodusse bekend te stel; van die nutsmiddels te demonstreer wat ons gebruik om taal in die digitale ruimte te ontleed, annoteer, vertaal of andersins daarmee om te gaan; en personeellede persoonlike beskrywings van hulle werk by SADiLaR te laat deel."

Die idee van 'n eksternskap het ontstaan toe Laurinda van Tonder, lektor in Toegepaste Taalkunde aan UJ se Departement Tale, Kulturele Studies en Toegepaste Taalkunde, Trollip gekontak het om uit te vind of 'n eksternskap vir die finalejaar-Taalkunde en Taalpraktyk-studente moontlik sal wees by SADiLaR.

"Laurinda het aan my verduidelik dat die studente gewoonlik aan eendag-eksternskappe by instellings soos banke en plaaslike regeringskantore - waar taalpraktisyns ook werk - deelneem, maar sy het gedink dat deur studente aan SADiLaR bekend te stel, hulle siening van die beskikbare beroepe binne taal uitgebrei sal word," onthou Trollip. "Sy moes ook aan my verduidelik wat 'n eksternskap is - basies 'n aanlyn internskap," voeg hy by.

Informatief en stof tot nadenke

Volgens Trollip was SADiLaR se heel eerste eksternskap 'n grootse sukses.

Ons het baie positiewe terugvoer ontvang van sowel die deelnemers as die SADiLaR-spanlede wat deelgeneem het. Die studente het baie betrokke geraak en ek voel die interaksie tussen hulle en die SADiLaR-span was natuurlik, informatief en stof tot nadenke.

Ons het baie tyd daaraan bestee om deur die webwerf te gaan en die studente te wys hoe om die inligting, hulpbronne en nutsmiddels te vind wat hulle moontlik nodig kan kry. Ons tutoriale oor die verskillende nutsmiddels het aan studente geïllustreer wat beskikbaar is en hoe dit hulle kan help met hulle werk en studies in die verskillende velde van taalkunde en toegepaste taalkunde waarmee hulle besig is of wat hulle beplan om te beoefen," sê hy. "Twee nutsmiddels wat veral die belangstelling en interaksie van die studente geprikkel het, was die Autshumato-masjienvertaling (vertaling van 'n sin uit Engels in isiZulu) en die opsoek van woorde in die korpusportaal."

Volgens Rooweither Mabuya, navorser in digitale geesteswetenskappe vir isiZulu by SADiLaR, wat by die eksternskap se middagsessie aangesluit het, was die studente baie gretig om meer te leer oor die navorsing wat by SADiLaR plaasvind. "Ek het my navorsingsbelange met die studente gedeel en verduidelik hoe ek aan digitale wetenskappe en digitale navorsing bekend gestel is toe ek by SADiLaR aangesluit het. Ek het ook beklemtoon hoe die bywoning van verskillende werkwinkels en opleidingsgeleenthede my gehelp verstaan het hoe ek digitale geesteswetenskappe in my navorsing kan gebruik." Mabuya, 'n PhD-kandidaat, was ingenome toe

Kontak ons:





'n student haar vra om die nutsmiddels te deel wat sy vir haar navorsing gebruik.

Nog 'n SADiLaR-navorsers in digitale geesteswetenskappe, Mmasibidi Setaka (wat in Sesotho spesialiseer), was beïndruk met hoe betrokke die studente was. "Hulle het baie vrae gevra wat te doen het met wát ons by SADiLaR doen. Aangesien digitale geesteswetenskappe steeds 'n jong veld in Suid-Afrika is, het hulle dit interessant gevind om meer te wete te kom oor die werk wat ons doen om taalhulpbronne vir die elf amptelike tale te skep en te digitiseer. Ek het ook met hulle gedeel hoe ons verskillende werkwinkels aanbied om die kennis te deel wat ons saam met ander verwerf het. Op grond van hierdie eksterenskap se sukses, wil ek dit graag na ander instellings uitbrei."

Die studenteterugvoer hier onder spreek vanself, en nóg eksterenskappe gaan vir seker in die toekoms volg.

"Baie dankie, mense. Dit was baie informatief. Bied asseblief nog hiervan aan. Ander mense sal dit ook werklik waardeer."

"Dankie aan almal. Dit was produktief, opwindend en baie nodig vir ons as studente."

"Ek wil net vir die hele SADiLaR-span dankie sê vir hierdie ervaring vandag. Ons het almal vandag baie geleer en ons is gemotiveer om verder in hierdie veld te vorder, en eendag dalk by julle almal aan te sluit. Almal het 'n fantastiese gees gehad."



Kontak ons:





SADILAR-BEFONDSDE NAVORSING GEE STEM AAN SEPEDI-KINDERS MET ERGE KOMMUNIKASIEGESTREMDHEDE

- Birgit Ottermann

Die implementering van alternatiewe vorms van kommunikasie vir kinders wat nog nie geletterd is nie – veral dié met erge kommunikasiebehoefte en wat prentgebaseerde stelsels verg om hulself uit te druk – was nog altyd 'n groot navorsingsbelangstelling vir professor Kerstin Tönsing.

“Kinders wat sulke stelsels nodig het, het gewoonlik een of ander fisiese gestremdheid wat dit vir hulle onmoontlik maak om gebaretaal te gebruik,” sê Tönsing, 'n spraakterapeut, oudioloog en professor by die Universiteit van Pretoria se Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie. “Ons voorsien hulle van prentgebaseerde stelsels wat woorde verteenwoordig waarna hulle kan wys of op 'n toestel kan aktiveer ten einde hulle boodskap oor te dra,” verduidelik sy.

Hoewel hierdie soort ingryping ruim gebruik word in die veld van aanvullende en alternatiewe kommunikasie (AAK) om individue te help wat nie op hul natuurlike spraak kan staatmaak om te kommunikeer nie – en daar is talle prentgebaseerde woordeskatpakkette vir verskeie tale beskikbaar – bly baie van die sogenaamde laehulpbrontale agterweë. Dit geld ook vir baie van die Suid-Afrikaanse tale, onder meer Sepedi.

“Ek het al hoe meer besorg geraak dat ons in Suid-Afrika baie in Engels ingryp by kinders wie se moedertaal nie Engels is nie,” onthou Tönsing. “Ons woon in 'n veeltalige land en kinders moet hulself in hulle moedertaal kan uitdruk – dit geld ook vir kinders wat prentgebaseerde AAK benodig om dit te kan doen.

Maar wát doen ons om al die kinders se tale te bevorder?”

Te dankie aan navorsingsbefondsing van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Hulpbronne (SADiLaR) is hierdie werklikheid op die punt om vir Sepedi-kinders te verander. Tönsing en haar span het hulle begeef in 'n projek om 'n navorsings- en belanghebbingelike nie-elektroniese AAK-stelsel vir Sepedi te ontwikkel. Die doel is om 'n omvattende stelsel met 'n reeks woordeskatitems te ontwikkel wat taalontwikkeling moontlik sal maak.

Moedertaalkommunikasie

“Die kommunikasie van pregeletterde kinders van 'n Sepedi (Sesotho sa Leboa)-taalagtergrond is uiters beperkend, aangesien daar tans geen AAK-stelsel in hul moedertaal beskikbaar is nie. Ongeveer 80 000 Sepedi-kinders word daardeur geraak. 'n Prentgebaseerde AAK-stelsel wat uitdrukking in Sepedi moontlik maak, is dus 'n dringende noodsaaklikheid,” merk Tönsing op. Met baie van haar PhD- en postdoktorale navorsing gesentreer rondom die ontwikkeling van AAK-stelsels wat toegang aan nie-Engelssprekende Suid-Afrikaanse tale verleen, is sy ideaal geplaas om aan

Kontak ons:





die stuur van hierdie navorsingsprojek te staan.

“Die projek bou voort op die magisternavorsing van Ngwanamashiane Rahab Mothapo, wat nou ’n PhD-student en belangrike medewerker is,” vervolg Tönsing. “Ons het ’n kernwoordeskatlys op grond van die ontleding van taalmonsters van voorskoolse Sepedi-kindere daargestel. Daarna het ons grafiese simbole van bestaande simboolbiblioteke geïdentifiseer wat tydens diepliggende besprekings met belanghebbere bevestig en uitgebrei is. Sekere bykomende simbole word tans ontwerp om van die Sepedi-kernwoorde te verteenwoordig waarvoor ons nie gepaste simbole kon vind nie.”

Mensgesentreerde ontwerpproses

Volgens Tönsing het hulle ook ’n behoefte-ontleding gedoen en ontwerpvereistes met die belanghebbegroep bespreek. Laasgenoemde bestaan uit spraaktaalterapeute met ervaring in AAK en wat dienste in die Sepedi-taal lewer; ouers van kindere met komplekse kommunikasiebehoefte met ’n Sepedi-agtergrond; volwasse gebruikers van AAK-stelsels; en onderwysers wat kindere met ’n Sepedi-agtergrond met ’n erge kommunikasiegestremde onderrig. Die deelnemere is hoofsaaklik in die Limpopoprovinsie gesetel waar Sepedi gepraat word.

Alle interaksie met die fokusgroepe word getranskribeer en tematies ontleed. Die volgende stap is om ’n mensgesentreerde ontwerpproses te begin waar die eerste prototipe-AAK-stelsel vir evaluering met belanghebbere gedeel word. “Ons staan op die rand

Kontak ons:





daarvan om die eerste prototipe te skep, wat baie opwindend is. Dit is 'n herhalende proses met belanghebbers waar ons na hulle terugvoer luister, en herontwerp totdat ons 'n fase bereik waar die stelsel reg is om gebruik te word. Selfs dan sal ons met die terugvoer van gebruikers voortgaan," sê Tönsing.

Internasionale konferensie

Die resultate van die eerste fase van die projek sal 24-27 Julie 2023 deur Rahab Mothapo by die Tweejaarlikse Konferensie van die Internasionale Vereniging vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie in Cancún, Meksiko aangebied word. Die konferensie, met die tema Kommunikasie Anderkant Grense, sal deur navorsers, akademici, praktisyns en AAK-gebruikers van regoor die wêreld bygewoon word, en sal die nuutste navorsing en geleefde ervarings in die veld van AAK ten toon stel.

"Dit is so 'n voorreg om deur SADiLaR in staat gestel te word om navorsingsbevindings van so 'n belangrike studie wat oor soveel dissiplines strek, aan te bied," sê Mathapo. "Ek sien daarna uit om hierdie inligting met die uiters diverse gehoor te deel. Vir my kenmerk dit 'n klein poging om kommunikasie toeganklik te maak vir die Sepedi-sprekende Suid-Afrikaanse bevolking wat met kommunikasiegestremdhede lewe."

SADILAR VIER SUKSESVOLLE 4DE RAIL-WERKSWINKEL IN KROASIË

- **Birgit Ottermann**

Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) het 'n suksesvolle vierde weergawe van die Resources for African Indigenous Languages (RAIL)-werkswinkel in Dubrovnik, Kroasië aangebied. Die jaarlikse werkswinkel, wat op 6 Mei 2023 as deel van die 17de Conference of the European Chapter of the Association for Computational Linguistics (EACL 2023) plaasgevind het, is deur SADiLaR se Rooweither Mabuya, Mmasibidi Setaka, professor Menno van Zaanen, en die CAM Stigting se Don Mthobela georganiseer.

"Die RAIL-werkswinkel was 'n groot sukses. Al ons bywoners was regdeur die sessie ten volle betrokke, al was dit 'n heeldagse werkswinkel," sê Mabuya, wat saam met Setaka die geleentheid se medevoorsitter was. "Die werkswinkel verskaf 'n interdisiplinêre platform vir navorsers wat aan inheemse Afrikatale werk, veral daardie tale waarvoor daar minder hulpbronne is," verduidelik sy.

"Dit bring navorsers bymekaar wat daarin belang stel om hulle navorsing ten toon te stel; verskaf 'n oorsig van die huidige beskikbaarheid van hulpbronne vir inheemse Afrikatale, waaronder dataversamelings sowel as nutsmiddels; en maak die deel van inligting asook besprekings oor die verbetering van die kwaliteit en beskikbaarheid van die hulpbronne moontlik."

Kontak ons:





Baie inheemse Afrikatale het tans geen of baie beperkte beskikbare hulpbronne en verskil dikwels struktureel baie van tale met beter hulpbronne; hulle vereis dus die ontwikkeling en gebruik van gespesialiseerde tegnieke.

'n Groeiende wetenskaplike gemeenskap

"Deur navorsers uit verskillende velde bymekaar te bring – soos rekenaarlinguistiek, sosiolinguistiek en taaltegnologie – om die ontwikkeling van taalhulpbronne vir inheemse Afrikatale te bespreek, hoop ons om die navorsing in hierdie velde 'n hupstoot te gee," sê Setaka. "Ons hoop om uiteindelik die omstandighede vir die ontluiking van 'n wetenskaplike praktyksgemeenskap te skep wat op sowel data as nutsmiddels fokus – spesifiek ontwerp vir, of toegepas op inheemse tale wat in Afrika aangetref word."

Sowel Mabuya as Setaka, wat in onderskeidelik isiZulu en Sesotho navorsers in die digitale geesteswetenskappe by SADiLaR is, is sedert RAIL se stigting in 2019 daarby betrokke. Die eerste twee werkswinkels was virtuele geleenthede wat onderskeidelik saam met die Language Resources and Evaluation Conference (LREC) in 2020 en die Digital Humanities Association of Southern Africa (DHASA) se konferensie in 2021 aangebied is. Ná COVID-19 is die derde RAIL-werkswinkel in 2022 by die 10de Southern African Microlinguistics Workshop in Potchefstroom aangebied, wat van aangesig tot aangesig bygewoon is.

"By hierdie jaar se werkswinkel, wat een van dertien

werkswinkels was wat deur die EACL 2023-konferensie aanvaar is, is 'n totaal van veertien referate en een bevindingsreferaat gelewer," merk Mabuya op. "Dit was 'n hibriede formaat, aangesien sommige deelnemers nie kon reis nie – sewe referate is van aangesig tot aangesig gelewer en agt virtueel."

Uitstekende terugvoer

Te danke aan reistoelae wat hulle ontvang het om hulle referate by die konferensie te lewer, was Mabuya en Setaka gelukkig genoeg om na Kroasië te reis en die EACL 2023-konferensie persoonlik by te woon. "Mmasibidi Setaka het die Toelaag vir Diversiteit en Insluiting ontvang wat daarop gemik is om vakkundiges uit gemarginaliseerde streke te ondersteun, terwyl ek 'n toelaag van die studentevrywilliger-program gekry het wat daarop gemik is om vroeëloopbaan-vakkundiges te ondersteun om die konferensie by te woon, en ook met konferensiepligte by te staan," sê Mabuya.

Albei navorsers het 'n referaat namens hulle mede-outeurs by die RAIL-werkswinkel gelewer. Mabuya se referaat was getiteld "Unsupervised Cross-lingual Word Embedding Representation for English-isiZulu" (Ongekontroleerde kruystalige woordinbeddingsvoorstelling vir Engels-isiZulu), saam met Derwin T. Ngomane, Vukosi Marivate, Jade Abbott en Rooweither Mabuya as outeurs.

Kontak ons:





“Ons referaat het werklik fantastiese terugvoer in opmerkings en vrae van die gehoor ontvang,” onthou Mabuya. “Een van die deelnemers het selfs gevra om my mede-outeurs te ontmoet omdat hy hulp met sy eie navorsing benodig wat soortgelyk aan ons s’n is.”

Setaka was ewe tevrede met die referaat wat sy saam met Johannes Sibeko as outeur gelewer het, getiteld “Evaluating the Sesotho rule-based syllabification system on Sepedi and Setswana words” (Evaluering van die Sesotho reëlgebaseerde sillabifikasiestelsel op Sepedi- en Setswana-woorde). “Mense het belanggestel en was verheug om uit te vind dat daar ’n werkswinkel is wat op natuurlike taalverwerking (NTV) in Afrika toegespits is.”

Nuwe kennisse

By nabaat sê Setaka van die konferensie en die algehele sukses van die werkswinkel: “Die konferensie het ’n verskeidenheid mense bymekaargebring wat in die talle aspekte van NTV belangstel. Die werkswinkel self was ’n groot sukses, met baie deelname van die gehoor.

Die feit dat ons werkswinkel by EACL aanvaar is, was vir my ’n groot hoogtepunt, in ag genome die aard van EACL, en waar dit in die NTV-gemeenskap staan.”

Mabuya voeg by dat sy ’n paar uitstekende verbintenisse gemaak het. “Dit was ’n groot konferensie met talryke interessante praatjies en voorleggings, en ek het ’n paar ongelooflike vakkundiges ontmoet. Wat ons werkswinkel betref, was dit fantasties dat ons outeurs gehad het wat hulle navorsing elke jaar sedert RAIL se ontstaan daar indien. Dit wys die gehalte van ons werkswinkel en die werk wat in ons verrigtinge gepubliseer word. Ons het ook ’n puik programkomitee wat met die keuring van voorleggings help.”

Die [Proceedings of the Fourth Workshop on Resources for African Indigenous Languages](#) (RAIL 2023) is nou beskikbaar, en die SADIaR-span sien daarna uit om voorleggings vir die vyfde uitgawe van RAIL te ontvang, sodra die versoek vir referate uitgereik is. “Die doel is om die werkswinkel tot hoër hoogtes te neem en ook in die toekoms ander vakkundiges in staat te stel om dit te help organiseer,” sluit Setaka af.

Kontak ons:





PHD-NAVORSINGSREFERAAT PLAAS SADILAR IN DIE WÊRELDWYE KOLLIG

- **Birgit Ottermann**

Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) pronk breëbors op die internasionale verhoog, te danke aan 'n PhD-navorsingsreferaat wat hierdie jaar by die publikasie van die postkonferensieverrigtinge van CLARIN se jaarlikse konferensie ingesluit is.

Johannes Sibeko, 'n PhD-student onder leiding van SADiLaR se professor Menno van Zaanen, was een van twaalf doktorsale vakkundiges wat gekies is om 'n abstrak van hulle navorsing by die PhD-studentesessie van die 11de jaarlikse CLARIN-konferensie, wat 10-12 Oktober 2022 in Praag in die Tsjeggiese Republiek, gehou is, te lewer. Dit was so 'n sukses dat hy uitgenooi is om 'n volledige referaat vir insluiting by die postkonferensieverrigtinge te lewer - 'n vryetoegangpublikasie waarin die hoogtepunte van die hele konferensie aangebied word.

CLARIN, die akroniem vir Common Language Resources and Technology Infrastructure, is 'n digitale infrastruktuur wat data, nutsmiddels en dienste bied om navorsing gegrond op taalhulpbronne te ondersteun. Sibeko se referaat presenteer sy doktorsale navorsing wat die ontwikkeling van hulpbronne verken om teksleesbaarheid te meet in Sesotho, 'n Bantoetaal wat deur meer as tien miljoen mense regdeur suidelike Afrika gepraat word.

Kontak ons:





Klik hier om op
ons nuusbrief
in teken



Kontak ons:



Die enigste student-aanbieder uit Afrika

“Die aanvaardingsbrief het die wêreld vir my beteken,” sê Sibeko, ’n lektor in Digitale Geesteswetenskappe verbonde aan die Nelson Mandela Universiteit in Gqeberha. “Ek was senuweeagtig om by die konferensie aan te bied, maar terselfdertyd opgewonde vir die geleentheid om op ’n internasionale verhoog te kan wees. Om gekies te word om SADiLaR te verteenwoordig, en om die enigste studente-aanbieder uit Afrika te wees, was vir my ’n groot eer. Ek het baie trots gevoel.”

Ongelukkig kon Sibeko weens visumkwessies nie die konferensie in Praag bywoon nie. “Ek het toe net aanlyn bygewoon. Dit was baie teleurstellend want ek kon nie aan die interessante bedrywighede deelneem wat deur CLARIN georganiseer is nie, en het netwerkgeleenthede misgeloop. Maar ek bly positief dat daar in die toekoms nog reisgeleenthede sal wees.”

In nabetragting oor die mylpaal so vroeg in sy loopbaan, sê Sibeko dat hy meer in homself moet begin glo, en internasionale publikasie-afsetpunte met groter vertroue moet benader. “Dit voel of ek sopas aangeland het waar ek in my navorsingsreis wil wees.”

Leeders se swak leesvermoë onder die loep

Wanneer hy oor die onderwerp van sy PhD-navorsing uitgevra word, verduidelik Sibeko dat leesvaardighede by Suid-Afrikaanse leeders ontbreek.

“In onderrig word van onderwysers verwag om tekste volgens hulle leerders se vlak te kies en aan te pas. Hierdie prosesse is egter intuïtief en subjektief. Gevolglik is daar geen objektiewe manier om seker te maak dat tekste wat vir leer, onderrig en evaluering aangewend word, op die korrekte leesbaarheidsvlak is nie,” sê hy.

“’n Objektiewe maatstaf van teksleesbaarheid in Sesotho sal met die keuse en aanpassings van tekste vir verskillende doeleindes en verwagte vlakke help. My studie beoog dus om meting te ontwikkel om teksleesbaarheid te meet waarby navorsers, outeurs, onderwysers en lesers kan baat. Die doel is om nege bestaande leesbaarheidsmetings deur middel van Engels as ’n helpertaal met meer hulpbronne in Sesotho aan te pas. Al die modules sal as vrye toegang in SADiLaR se bewaarplek gepubliseer word.”

Sibeko hoop ook om ’n webgebaseerde toepassing te ontwikkel om toegang tot geoutomatiseerde teksleesbaarheidsontleding te verskaf wat die gebruiker in staat sal stel om ’n teks te plak, en ’n leesbaarheidsontledingsverslag daarvan te kry.

Volgens Menno van Zaanen, professor in Digitale Geesteswetenskappe by SADiLaR en Noordwes-Universiteit, illustreer Sibeko se navorsing die gewigtigheid en toepaslikheid van digitale taalhulpbronne vir Suid-Afrikaanse tale. “Om die leesbaarheid van Sesotho-tekste te kan meet, stel lektore in staat om gepaste tekste vir leeders te kies,



Vir enige terugvoer oor die inhoud van die nuusbrief, kontak gerus vir SADiLaR: info@sadilar.org

Vir enige terugvoer oor die vertalings, rig asseblief jou boodskap aan die vertaler wanneer jy 'n e-pos aan SADiLaR stuur: info@sadilar.org

Kontak ons:



en professionele skrywers om hulle teks volgens hul relevante gehoor aan te pas. Johannes se werk is nie net interessant vanuit 'n akademiese perspektief nie, maar dit illustreer ook hoe hierdie hulpbronne gebruik kan word om die Suid-Afrikaanse tale, soos Sesotho, vir die algemene publiek te bevorder," merk hy op.

Voormalige hoërskoolonderwyser

Interessant genoeg, is Sibeko 'n voormalige hoërskoolonderwyser in Sesotho en Engels wie se navorsing gedryf word deur sy begeerte om geleenthede vir taalleer te maksimeer. "Die uitdaging om leestekste te kies en ooreenstemmend met lesers te rig, strek verder as Sesotho. Nietemin word Sesotho as die aanvanklike benadering gekies om hierdie oorkoepelende kwessie aan te pak. Ek is hoopvol dat leesbaarheidsmeting ook vir ander inheemse tale ontwikkel kan word."

Sibeko is die eerste maal aan digitale geesteswetenskappe blootgestel toe hy 'n pos by Nelson Mandela Universiteit gekry het en daar van hom vereis is om hierdie nuwe veld te verken. "Ek het aan die begin geen idee gehad wat dit is nie," onthou hy. "Nou het ek myself in hierdie veld verdiep. Ek geniet my PhD gate uit en die navorsing raak al hoe interessanter."

